

Multatuli in Suid-Afrika¹

Wium van Zyl

The famous novel, Max Havelaar (1860), written by Dutch author Multatuli (Eduard Douwes Dekker, 1820-1887), is being celebrated worldwide for its first publication a century and a half ago. This article is a report on his influence on South Africa. Only a single anthology from Multatuli's work was published in the country, yet his views and revolutionary literary techniques already had a impact shortly after the publication of the Max Havelaar, therefore during the early stages of the development of Afrikaans literature. Two of the most prominent Afrikaans authors of the first decades of the 20th century can even be called "multatulianen" (literary disciples of Multatuli): C. J. Langenhoven and C. Louis Leipoldt. For this reason it is not strange that these authors differed greatly in opinion. Leipoldt, for example, had a neutral to negative stance towards pro-Afrikaans campaigns, whilst Langenhoven became one of the inspired leaders of the movement. There is even evidence that Langenhoven's conversion to become a champion for Afrikaans – and his antagonism against Dutch in South Africa – is connected to Multatuli's views on language. Evidence of Multatuli's revolutionary influence can also be traced to more recent anti-apartheids novels published during the seventies.

1. Inleiding

Die kernargument waarmee Jan en Annie Romein die insluiting van die 19de eeuse Nederlandse skrywer Multatuli (Eduard Douwes Dekker, 1820-1887) by hul *Erflaters van onze beschaving* (1938-1940) motiveer, is dat hy aan die vrye denke wat besig was om te ontkiem in 'n in wese outoritêre 19de eeuse samelewing "een Meester en een Martelaar gaf". (1971: 702) Dit op sigself beteken natuurlik omstredenheid. Ook binne die toe bestaande literêre tradisie verskyn hy as 'n radikale normdeurbreker. J.J. Oversteegen noem: "Het is alsof hij voor zijn bijzondere doeleinden zelf de literatuur opnieuw heeft uitgevonden (...)" (1993: 486)

Hierdie ingreep in die Nederlandse geesteslewe vind plaas op 'n stadium dat daar nog 'n stewige band bestaan tussen Nederland en die Nederlands/Afrikaanstalige deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Ook hier is daar nuwe denkpatrone en uiteindelik 'n eie letterkunde besig om te ontwikkel. Het Multatuli, sy werk en idees in die proses deurgedring tot die ontwikkelinge in Suid-Afrika? Dit is die vraagstuk waarop hierdie artikel gerig is.

'n Uitgebreide ondersoek lewer veral een gevolgtrekking op, naamlik dat Multatuli wel 'n belangrike, maar desondanks moeilik beskryfbare invloed op die Suid-Afrikaanse en veral die Afrikaanse intellektuele wêreld, taal en letterkunde uitgeoefen het.

Hieronder word 'n oorsig gegee van dit wat wel aan die lig gekom het. Dit sal duidelik laat blyk dat daar nog baie ruimte bestaan om onderdele verder uit te diep. Tydens sy lewe en trouens in die hele 19de eeu was sy naam vir 'n hele tyd gehul in 'n Victoriaanse stilswye. Daar word eers aandag gegee aan hierdie ingewikkelde

situasie. Daarna word twee van die belangrikste Suid-Afrikaanse Multatuliane bespreek: C.J.Langenhoven en C.Louis Leipoldt. Langenhoven is die individu wat die vernaamste rol gespeel het by die verwerwing van amptelike status vir Afrikaans, wat as volksskrywer 'n Afrikaanse letterkunde tot stand gebring het, 'n uitgebreide leerspubliek geskep het en 'n prosa-styl vir die taal ontwikkel het. Leipoldt het eweneens 'n uitgebreide oeuvre nagelaat, was 'n grondlegger van sowel die liriese as die epiese poësie en die drama in Afrikaans, maar ook dissident ten opsigte van die nasionalistiese Afrikanervolks-idee. Na die bespreking van die twee figure word kortliks ingegaan op die verskillende Multatuli-herdrukke in Suid-Afrika. Ten slotte word gewys op die terugkeer van Multatuli op die Afrikaanse literêre toneel teen die einde van die 20ste eeu.

2. 19de eeu

'n Mens kan daarvan uitgaan dat eksemplare van Multatuli se opspraakwekkende debuut, die *Max Havelaar* (1860) al kort na die eerste publikasie daarvan die Kaap bereik het. Boekhandelaars met Nederlandse boeke het toe reeds bestaan net soos 'n gevestigde Nederlandse koerant- en tydskriftebedryf. Die situasie was egter nie eenvoudig nie weens verskeie faktore.

Die eerste was dat Nederlandstaliges verskillende vorme van onderdrukking beleef het in 'n Kaapkolonie wat nou reeds meer as 'n halfeeue deur 'n Engelse koloniale owerheid geregeer is. Engels is vanaf 1828 reeds die enigste amptelike taal. Nederlands het op slegs een terrein nog sy hoë funksies behou, naamlik in die NG Kerk waarvan ongeveer alle blanke Nederlandstaliges aan die Kaap lidmate was, wel 'n belangrike groep. Na 1838 het die dissidente Voortrekkers Nederlandse republieke buite die koloniale grense opgerig, maar teen 1860 was hierdie ylbevolkte state nog in hul kinderskoene.

Die beperkte aandag aan Multatuli in die belangrikste Kaapse Nederlandstalige koerant, *De Zuidafrikaan*, kenmerk hierdie situasie. Sy naam word vir die eerste keer in die blad genoem op 1 Junie 1872 in reaksie op 'n berig in die *Morning Post*. Volgens laasgenoemde sou die Britse konsul in Batavia, McLean, aan sy regering 'n brief geskryf het oor die wantoestande onder die Javane. Daar word ook verwys na ene "Victor" wat in dieselfde koerant na Multatuli verwys om die berig te staaf. *De Zuidafrikaan* gaan onmiddellik oor tot die verdediging van die Nederlandse koloniale politiek. In die daaropvolgende jare duik Multatuli se naam nog enkele male negatief op in beriggewing oor die situasie in Nederlands-Indië.

Die eerste positiewe verwysing (2 Mei 1882) kom voor in 'n reaksie op 'n bewering wat die Engelstalige Kaapse bibliotekaris, dr. Theophilus Hahn, in 'n lesing gemaak het.² Hy sou gesê het dat die Nederlandse letterkunde van weinig waarde is. *De Zuidafrikaan* antwoord:

Maar het Hollandsch zoo als het thans door mannen van talent – door een Beets en een Van Koetsveld, een Busken Huët en een Douwes Dekker – geschreven wordt, voor onbeholpen en vervelend uit te krijten, dat is iets wat slechts in iemand vallen kan die er niets van weet en niets van vernomen heeft, behalve wat deze en gene hem welligt (*sic!*) op de mouw heeft gespeld.



Figuur 1: J van der Tuuk

Op 6 Mei volg 'n eweneens heftige brief deur J. van der Tuuk, hoogleraar in Moderne Tale aan die Zuid-Afrikaanse Kollege.³ Hy skryf onder meer aan Hahn:

Hebt gij Multatuli's "Max Havelaar" gelezen, dat boek die een rilling door Nederland deed gaan? Zo niet, dan zijt gij onbekend met een van de grootste genieën van de tegenwoordige tijd, wiens naam, wat zijn karakter als mensch ook mogen zijn, eeuwig zal voortleven in de harten en hoofden van het Nederlandsch volk.

'n Mens vind dus verset teen Multatuli se kritiek op die Nederlandse koloniale politiek omdat dit kennelik die saak van die gekoloniseerde Nederlandstaliges benadeel. Wanneer dit egter hulle saak kan dien, word daar op die kwaliteit van sy skrywerskap gewys. Van der Tuuk se uitspraak toon ook dat die "genie" wel bewonderaars gehad het aan die Kaap.

Teen 1859 heers daar egter 'n spanning in die NG Kerk wat eweneens 'n rol sou speel in die resepsie van Multatuli en sy werk. Daar is naamlik groot onrus oor die invloed wat die sogenaamde "liberale" teoloë en die "rasionalisme" sou hê op Suid-

Afrikaners wat in Nederland vir predikant studeer. In reaksie rig die kerk in dieselfde jaar 'n eie kweekskool (vir predikante) op in Stellenbosch waar die “ortodokses” in die toekoms beheer kan uitoefen. By kerkamptenare en onder lidmate was daar sterk verdeeldheid en onderlinge agterdog. Die “ortodokses” was gereed om te reageer op die geringste teken van “onrechtzinnigheid”. (Van Rinsum, 2006: 48-55) Selfs die liberale publikasies in Suid-Afrika het alle steun aan die “moderne teologie” ontken. (Hanekom, 1951: 230) Dit gaan dus om 'n stryd wat streng binne die kerk uitgeveg is. In hierdie situasie sou enige assosiasie met 'n figuur soos Multatuli, na wie daar in sy (wel taamlik uitvoerige) sterfberig in *De Zuidafrikaan* van 31 Maart 1887 verwys word as 'n “vijand van het Christendom”, beslis baie onstrategies gewees het.

Ook prof. Van der Tuuk se kwalifisering (“wat zijn karakter als mensch ook mogen zijn”) dui op versigtigheid. 'n Mens kan dus verwag dat Multatuliane in Suid-Afrika nie op hierdie stadium daarmee te koop sou loop nie.

Onder hulle het waarskynlik getel Thomas Francois Burgers (1834-1881), 'n Kapenaar wat sy studies in Utrecht voltooi en in 1859 dominee geword het in die pasgestigte gemeente Hanover in die Karoo. Burgers het na Nederland verwys as die plek van sy “tweede geboorte”. Dit is onwaarskynlik dat hy nie op die hoogte sou gewees het van die *Max Havelaar* nie. In 1862 word hy by die sinode aangekla omdat hy deur “die rasionalisme besmet wou wees” en hy word geskors. (Engelbrecht, 1933: 46) Hy begin 'n regspraak wat hy ook wen, maar die sinode dwarsboom die uitvoering daarvan deur jarelank nie te vergader nie. Tydens hierdie “beleg”, wat veroorsaak dat Burgers vir 'n lang tyd nie sy beroep ten volle kon uitoefen nie, gryp hy net soos Multatuli kort daarvoor die verhaalkuns as wapen aan. Tussen 1866 en 1869 (Lijphart-Bezuidenhout, 1971:13) publiseer hy sy “Tooneelen uit ons dorp”, 'n reeks “sketse” in die liberale koerant *Het Volksblad*. In die verhale maak hy gereeld toespelings op die ortodokses of plaas hulle in belaglike situasies. Van die selfingenome ortodokse dominee maak Burgers 'n Droogstoppelagtige figuur. Net soos Multatuli uit hy sy kritiek en aanklagte deur middel van verskillende karakters: 'n katkisant, sowel eenvoudige as ontwikkelde boere en – met 'n beroep op die patos van sy lesers – 'n edele sterwende meisie.⁴ Sy identiteit verskuil Burgers agter die skuilnaam “een dorpsbewoner”.

Met sy “Tooneelen” was Burgers die eerste belangrike pionier op die weg na 'n Suid-Afrikaanse verhaalkuns.⁵

3. C.J.Langenhoven (1873-1932)

“Langenhoven het my vertel dat hy in die oggend gewoonlik Multatuli ge lees het en in die aand die Bybel.” So open die bekende joernalis Frederik Rompel, wat die Afrikaanse skrywer goed geken het, sy kort artikel oor die verbintenis tussen die twee skrywers vyftig jaar na Multatuli se dood (Rompel, 1951: 75) Langenhoven is dan vyf jaar oorlede.

Langenhoven het inderdaad meermale verwys na na sy respek vir Multatuli hoewel dit geen eenduidige verering was nie. 'n Mens moet trouens steeds in gedagte hou dat Langenhoven se uitsprake meesal 'n ironiese tint dra, maar dat hy ten opsigte van weinig ander skrywers as Multatuli tekens van bewondering gegee het. Uiteindelik voel hy hom gedwonge om hierdie verbintenis sterk te kwalifiseer, vergelyk onder meer:

Dis meer as eenmaal beweer – letterkundige beroepsteoriste is so gewënd geraak en gemaak om nie te weet wat hulle praat nie dat hulle enige ding sommer sê – dat ek dan sodanig onder Multatuli se invloed sou staan. Ek het Multatuli deurgelees en ek lees hom nog herhaaldelik oor en oor, nie omdat ek op verre ná met sy inhoud ooreenkom nie, maar omdat sy treffende styl en noukeurig-netjiese uitdrukingsvorm vir my 'n intellektuele genot verskaf. (Langenhoven, VW XII: 310-311)

Enige ooreenkomste in hul skryfwyse is volgens hom egter toevallig. Ter bewys hiervan verwys hy in laasgenoemde stuk na werk van hom uit die tyd voordat hy met Multatuli sou kennis gemaak het.

Presies wanneer hy Mutatuli ontdek het, is onduidelik. Volgens die Langenhoven-biograaf, J.C.Kannemeyer (1995: 129-130), was dit in ieder geval nie gedurende sy universiteitsstudie nie. In sy nagelate boekery in sy woonhuis, Arbeidsgenot, staan inderdaad 'n vyfdelige versamelde werk van Multatuli,⁷ nagenoeg die enigste Nederlandse publikasie op sy rakke. Vir die res van die Nederlandse letterkunde het hy trouens geen goeie woord nie. Na die letterkunde wat sy dosente voorgeskryf het, verwys hy as “daardie kinderagtige ou skrywers” wat hom “tot die dood toe verveel” het en as “twak waarmee hulle gelukkig tevergeefs probeer het om my te bedwelm”. (Langenhoven, VW XII: 271, 276) Na die Nederlandse Tagtigers verwys hy as “malkunstenars”.

Hoewel hy enige ooreenkoms met Multatuli as “toevallig” afmaak, is die saak nie so eenvoudig nie. In 1944 promoveer T.J.Heyns op 'n ouderwetse, maar gelukkig deeglike proefskrif getitel *Langenhoven en Multatuli*. Hy verwerp die begrip “invloed” weens die negatiewe konnotasies en vat dan die verbintenis soos volg saam:

By so'n studie word ons getref deur die feit dat daar dikwels soortgelyke reaksies of openbaringe by hulle op te merk is en dat hulle soortgelyke onderwerpe behandel. Die totaal-indruk dui op 'n merkwaardige geestelike affiniteit of geesverwantskap; daar is o.a. 'n soortgelyke romantiese gees; gedurige kommentaar op sulke dinge soos die spelling van die dag, oor professore en literatore; dieselfde onverdraagsaamheid by ongunstige kritiek, veral van die kant van anonieme skrywers en dieselfde gevoeligheid vir lof. Hulle opvattinge oor kuns kom dikwels ooreen, hoewel Multatuli soms letterkundig suiwerder georiënteerd is. As aforistiese skrywers toon hulle ook sterk ooreenkomste; soms wen die een dit aan pittigheid en geestigheid en dan weer die ander aan rake trefkrag, maar telkens bewys hulle met hoeveel vaardigheid hulle die wapens ironie, satire en sarkasme hanteer. Selfs op die gebied van godsdiens is daar, by groot verskille van uitkyk, tog dikwels 'n mate van ooreenkoms. (Heyns, 1944: iv)

Dit het weinig sin om Heyns se meesal oortuigende vergelykings te herhaal. Daarom word vervolgens volstaan met enkele toevoeginge.

Dit is in die eerste plek duidelik dat Langenhoven gereeld dieselfde kunsgrepe as Multatuli toepas en waarskynlik skeppend van hom oorneem. Die volgende voorbeeld van satire (as dit so genoem kan word!) is kenmerkend. Wanneer Saïdjah in die *Max Havelaar*-verhaal “Saïdjah en Adinda” ná sy lang en eensame tog Batavia bereik en ’n Nederlander nader om werk, word hy verrassend genoeg al gou aangestel. Die rede hiervoor is selfs nog meer verrassend, naamlik “omdat hij Saïdjah niet verstond”. Dit is immers veel normaler om wel met jou werknemers te wil kommunikeer. Dit blyk egter dat “men op Batavia” bediendes soek wat “nog niet zoo bedorven zijn” as diegene wat langer met Europeane in aanraking was nie. (Multatuli, sj. 193) Die leser kan uit die konteks aflei dat dit nog ’n voorbeeld is van kolonialistiese oneerlikheid. Iemand sonder ervaring van Europeane is ook sonder verweer teen hul uitbuiting.

Langenhoven laat sy hooffiguur Sagmoedige Neelsie in sy roman *Herrie op die ou tremspoor* (1925, Langenhoven, VW II: 160-162) gaan werk soek as boekhouer by ’n winkelier. Die werkgewer stel aanvanklik slegs een vereiste: “Kan jy vinnig reken?” Neelsie handel die berekening wat aan hom voorgelê word “soos die blits” af waarna dit die winkelier se medewerker twee uur kos om dit na te sien. Dan kom die verrassing: “sekuurheid” is hier ’n “diskwalifikasie”. Die beginsel wat heers is dat alle berekeninge foutief moet wees in die guns van die besigheid. Die winkelier wys Neelsie tereg as hy verwys na “falsiteit” want “in besigheid gebruik ’n mens nie sulke lelike woorde nie”: “Dis nie valse dinge nie, dis foutjies. Errors, mistakes. En wat die klandisie betref, nege uit die tien is te lui om ooit hulle rekenings na te gaan. Die een wat die fout kry kom hier kla en dan skop ek, voor hom, ’n geweldige baan op met my boekhouer en ek skeur bosse van my hare uit van spyt. Dís die manier om besigheid te dryf.” (Langenhoven, VW II: 169-170)

Dié kunsgreep van satiriese ommekering is uiteraard nie beperk tot die twee skrywers nie, maar dit is aanneemlik dat Multatuli hier Langenhoven se model vorm.

Langenhoven se rol as taalstryder het vir hom ewe veel roem verwerf as sy skrywerskap. Trouens die twee aspekte is nie te skei nie. Sy skrywerskap staan volledig in diens van die taalstryd en is daarop gerig om die Afrikaanssprekende te leer lees. ’n Mens sou sy passie vir die regte van die Afrikaanssprekende kon vergelyk met Multatuli se stryd vir die Javaan. Een van die merkwaardige sake in dié verband is dat Langenhoven eers “omstreeks April of Mei 1910” (Kannemeyer, 1999: 236) definitief bekeer raak tot Afrikaans en dan tot die stryd toetree. Hy bring ’n beslissende wysiging in die taalstryd, naamlik deur “anders as die ander taalstryders, sy stryd teen Nederlands te rig, nie teen Engels nie”. (Kannemeyer, 1999: 238) Nederlands is op daardie stadium dikwels nog op ’n vreemde wyse as sinoniem met Afrikaans gebruik en het in werklikheid Afrikaans uit hoër funksies geweer. Hieraan was veral die Afrikaanssprekende elite aandadig. Aanhangers van Engels as enigste ampstaal

wat hom aanvanklik toegejuig het omdat hulle in hom 'n medestander gesien het, het in die proses 'n enorme vergissing begaan. Hy het naamlik bedoel om Afrikaans uit te bou tot 'n waardige tweede ampstaal.

Wat tot die ommekeer by Langenhoven aanleiding gegee het, is steeds onduidelik. Sy basiese argument in die verband toon egter wel 'n belangrike ooreenkoms met 'n bepaalde argumentering van Multatuli.

Multatuli trek verskeie kere te velde teen die skoolmeesters, *colloquia-docta*-professore en ander taalgeleerdes wat met hul “malle verwaandheid” sowel spelling as styl oorheers (in die geval by monde van “oom Sybrand” in *Ideën*, Multatuli, VW II: 62) En verder: “Wat niet geschuurd, geschaafd, gevyld, gelikt en ... bedorven is, deugd niet, in 'y oog van die heeren”.

Elders word toegevoeg: “Onze conventionele schryftaal is, voor een groot gedeelte leugen”. (*Van Liberalismus*, Multatuli, VW V: 375) Dit kom omdat die sogenaamde taalkenners nie besef dat 'n taal “ontstaat” en nie “gemaak” word nie. So word die volk benadeel, bedrieg, dom gehou en agtergestel, vgl.:

Is het geen stellig kwaad, dat de ooren des volks, dat de smaak der jeugd, dat het gezonder verstand van allen wordt bedorven door de parasieten van “het woord?” (Multatuli, VW V :381)

En:

Is het geen kwaad het volk over te laten aan bedrog? Het onvatbaar maken voor waarheid? Het laten biologieeren tot niet-verstaan, tot niet-denken, tot niet-begrypen, tot stompzinnige tevredenheid met dit alles? (Multatuli, VW V: 382)

In watter mate Langenhoven hiervan kennis geneem het, blyk uit 'n oordeel wat hyself oor die Nederlandse skryftaal uitspreek. Die “Hollander” is volgens hom die interessanste mens as hy sy eie taal praat of in 'n vreemde taal skryf. Sy letterkunde moes ook die boeiendste ter wêreld gewees het. “Maar sy skryftaal is deur sy menigvuldige doktors en professore ontsiel geword met 'n oneindigheid van kunsmatige belemmerings. Voor hy durf om te begin om te skryf moet hy op sy skole en hoë skole geleer word om te verlear om sy kragtige en kleurrike lewende spreektaal op papier te sit.” (*Die Burger*, 15.10.1928)

Konsekwent het hy ook 'n stryd gevoer teen Suid-Afrikaanse neerlandici wat vanuit hul Nederlandse geleerdheid 'n invloed op die ontwikkeling van Afrikaans wou uitoefen. Heyns (1944: 217b) wys ook op die volgende uitspraak van Langenhoven: “'n Taal word dikwels van onderaf opgebou en van bo af bederwe.”

Die ontwikkeling van die volk se eie taal sou volgens hom outomaties die ontwikkeling van die volk self beteken. Die uitlewering aan die vreemde taal Nederlands (en ook Engels) muilband die hele land. In een van 'n reeks stelling beklemtoon hy in 1914: “Ons intellektuele lewe kwijn omdat hij uitgesluit is van samehang met ons

alledaagse gedagte-gang en gedagte-uitdrukking” (Langenhoven, VW XII: 370) Elders in dieselfde jaar beklemtoon hy: “Ons beroof ons skrywers van talent en ons lesers van belangstelling.” Die volk se kosbare erfenis wat ontgin moet word, word so “nie net agtelosig verwaarloos nie, maar opsetlik afgesluit onder strenge waarskuwing: ‘Geen Toegang. Op las van die Staatsman, van die Leraar, van die Onderwyser.’” (Langenhoven, VW X:49-50) (“Leraar” verwys hier na dominee.)

Wanneer ’n teologie-professor hom aanval omdat die invoer van Afrikaans in die laer skool die probleme met die verstaanbaarheid van Nederlands in die kerk sal vererger, slaan Langenhoven onmiddellik toe met die volgende: “Mij dunkt het geen gering zelfverwijt voor een Kerk om bij monde van haar hoogleraar te belijden dat haar arbeid heeft bestaan uit het verkondigen van onbegrepen lessen.” (Langenhoven VW XII: 383)

Langenhoven se siening dat die Afrikaanssprekende in die kern van sy ontwikkeling en skeppingsvermoë verlam word deur uitlewering aan ’n vreemde taal, is dus slegs ’n klein stap verwyder van Multatuli aanwysing van die taal-*parasiete* as bedrieërs van die volk. ’n Mens kan dus aanneem dat Multatuli die magtigste stryder vir Afrikaans ten minste help besiel het.

Op 11 Desember 1922 publiseer Langenhoven ’n aangepaste Afrikaanse vertaling van Multatuli se “Kruisprook” uit die *Minnebrieven* (Multatuli, VW II: 106-114) in sy gewilde rubriek “Aan stille waters” in *Die Burger*. Dit is ’n gedig uit die perspektief van Jerusalemse volksmense wat die kruisiging van Jesus as slegs vermaaklike skouspel sien. Die openingsreëls is sowel provokatief as veelseggend: “Hoera, hoera voor Golgotha!”. Langenhoven laat die toepassings op die misstande in Nederlands-Indië weg.

Dit lei tot ’n skerp reaksie in *De Kerkbode* (20 Desember). Volgens die redakteur het verskeie lesers gekla oor die gedig, iets wat die redaksie ondersteun want “zulk een voorstelling is kwetsend voor iemand die met eerbied en ontzag vervuld is voor Jezus Christus, die eenmaal de levende en de doden oordelen zal”. Multatuli word genoem “’n ongodsdienstige mens” en “zelfs vijandig tegen de christelijke godsdienst”. Dan volg ’n broederlik-vermanende slot: “Mnr.Langenhoven, die een van onze meest geniale schrijvers is, zal, wij houden ons daarvan overtuigd, niet gaarne willen kwetsen en in de toekomst zeker voorzichtig zijn.”

Anders as Multatuli is Langenhoven wel godsdienstig, maar hulle deel ’n weersin in skynheiligheid. ’n Frontaanval op die kerk is vir Langenhoven uitgeslote, maar om te swyg ook. Hy antwoord in *Die Burger* (30 Desember) en beklemtoon ’n kern-element in die gedig, naamlik dat die volk (die gewone mens) vir wie Christus sy lewe opgeoffer het en wat hy liefgehad het, terselfdertyd sy mees onverbiddelike vervolgers was. Hy erken Multatuli was inderdaad “’n volslae godloënaar”, maar selfs hy is “as diepvoelende kunstenaar” deur hierdie ongelukkige feit “tot in sy diepste ontroer”. Met die gedig bied Multatuli die leser ’n ongekende ervaring. Langenhoven verwys ook na die kerkhervormer Johannes Hus wat deur sy kollegas tot die brandstapel gevonnissen is. En na ’n ou moedertjie wat ywerig hout help aandra het teen iemand

wat in werklikheid homself geoffer het vir mense soos sý, asook Hus se beweerde opmerking oor haar: “O, heilige onnosselheid!”

Langenhoven se suggestie is duidelik: nie slegs Multatuli word hier ontreg deur *De Kerkbode* aangeval wanneer hy wel ’n vir christene waardevolle bydrae lewer nie, maar ook hy wat Langenhoven is. Net soos in die geval van Hus is so’n situasie egter nie vreemd aan die Christelike kerk nie. Hy voeg toe dat die redakteur kennelik nie behoorlik verder gelees het nadat hy die naam Multatuli gesien het nie.

Hierby laat hy dit nog nie. Hyself, sluit hy af, het nog nooit *De Kerkbode* vermaan nie, selfs nie toe sy werk vir die blad so “onbesproke gelyk het dat hy dit verenigbaar gevind het met sy eie regsbesef om stelselmatig my kopiereg te oortree nie”. En dan, in kennelike verwysing na die redaksie se indirekte dreiging met die Laaste Oordeel: “Wij struikelen allen in vele’ – ek die meeste van almal. Maar – tog almal van ons sal al swaar genoeg by die verantwoording verby kom as elkeen sy volle aandag aan die eise van sy eie diens bestee”...

Langenhoven verdedig dus hier nie slegs Multatuli nie, maar slaan ook op sy aanvaller toe in Multatuliaanse styl!

Net soos Douwes Dekker bedien Langenhoven hom van ’n sprekende skuilnaam wat al gou ’n ander funksie vervul deurdat dit deel word van die literêre werk self. Dekker se Multatuli (“ik heb veel geleden”) vorm as’t ware ’n volgehoue getuigskrif vir ’n heldhaftige stryder wat onbevreesd staan vir wat reg is. Langenhoven se Sagmoedige Neelsie is ’n vriendelike naam waardeur eweneens ’n lydsaamheid gesuggereer word, maar wat terselfdertyd ’n knipoog gee na die ingewyde leser. Dié weet immers agter hierdie vriendelike front skuil ’n gevaarlike polemikus en skerp debatteerder. Dit skuif by implikasie die skuld vir moontlike konfrontasie af op die ander partye. Onder meer die verwoestende tog met Herrie en die trem deur Oudtshoorn en die kamtig verbaas- onskuldige houding van Neelsie in *Sonde met die bure* dui egter ook ’n ander nuanse aan, naamlik dié van selfspot. Kannemeyer (1995: 387) noem dit tereg “hoogstens ’n satiriese rookskerm”.

Dit is deel van ’n literêre spel met die herkenbare werklikheid waarmee beide skrywers besig is. ’n Aspek daarvan is wat genoem kan word ’n mitologisering van die familie.

Multatuli se *Max Havelaar* is ’n roman wat die lot van die onderdrukte Javane aan die orde wil stel, maar ook die verhaal oor die lot van meer as een gesin. Die gesin van Havelaar, wat vir regverdigheid stry en finansiël daaraan ten onder gaan, word gestel teenoor die gesin van Droogstoppel wat juis deur sy stompsinnige gewetenloosheid groot welvaart beleef. Sowel Max as sy vrou, Tine, het spreekwoordelike status bereik in die Nederlandse taalgebied en selfs meer nog Droogstoppel, die handelaar in koffie wat hom slegs tot sy besigheid wil beperk en vasklou aan sy selfbevoordelende kortsigtigheid. En dan is daar ook die amptenaar met die eweneens veelseggende naam: Slijmering. Ook die gesinne waartoe Saïdjah en Adinda behoort kry ’n sprekende rol.

Langenhoven maak sy Vroukje- en Engela-figure op soortgelyke wyse tot vername

figure in sy oeuvre wat uiteindelik volksfigure sou word – wel sonder die ellende van Multatuli se held en heldin. Daar is in hierdie opsig dus ’n voortdurende deureenhaal van feit en fiksie wat die leser dwing tot ratse bewegings om by te bly. Hoewel beide skrywers vir die gewone mense wou skryf, het hulle kennelik hoë verwagtinge gehandhaaf van dié se intelligensie.

Ook wat die hantering van vertelsituasies betref, is daar ooreenkomste aan te wys. Volgens A.H. de Vries (1989: 19) is: “Die stem van ’n selfbewuste verteller wat bewus is van sy gehoor en wat voorsiening maak vir hulle (...) van die begin af in Langenhoven se werk aanwesig”. Dit verhoed hom nie om die vertelsituasie juis te kompliseer nie. De Vries analyseer die spookverhaal “Bouval op Wilgerdal” en wys uit: “Daar’s ’n verteller, ’n ’outeur’, Gideon H.H. Koertzen én daar is ’n redigeerder, C.J. Langenhoven”. Dit word hier as middel ingespan om geloofwaardigheid te versterk. Weer bied Multatuli ’n model. ’n Meer gekompliseerde vertelsituasie as sy *Max Havelaar* is moeilik te bedink. Hy stel in sy roman die een verteller na die ander aan die woord. In die proses word hy een van die eerste skrywers wat die tegniek van die onbetroubare verteller (Droogstoppel) uitbuit. Hy laat ’n redakteur, die romantiese Hamburger, Stern, met die dokumente omgaan. Dan dank hy hom op die voorlaaste bladsy af: “Genoeg mijn goede Stern. Ik, Multatuli neem de pen op. Gij zijt niet geroepen Havelaar’s levensgeschiedenis te schrijven. Ik heb u in het leven geroepen (...)” Multatuli onthul vervolgens met woede sy werk aan die koffiehändler Droogstoppel vir wie hy nou eweneens stilmaak: “Ik heb u geschapen, ... gij zijt opgegroeid tot een monster onder mijne pen, ... ik walg van mijn eigen maaksel, ... stik in koffij, en verdwijn!” (Multatuli, sj.: 236) Hierteenoor staan Langenhoven se veel meer glimlaggende ironie, ’n spot wat egter net so hard kan slaan.

4. C.Louis Leipoldt (1880-1947)

’n Tweede Multatuliaan wat ’n deurslaggewende rol sou speel in die oplewing van die Afrikaanse letterkunde in die begin van die 20ste eeu was C. Louis Leipoldt, eweneens digter, romansier, dramaturg en joernalis.

Hy het opgegroeï in ’n ouerhuis met ’n spesiale band met Java. Sy ouers – beide Suid-Afrikaners – was voor sy geboorte sendelinge op Soematra. Hy is self egter iets meer as ’n jaar na hul terugkeer in Suid-Afrika gebore. Terwyl hyself altyd gesteld was op sy verbintenis met die Ooste (Kannemeyer, 1999: 25, 30) het hy dus in ’n ouershuis grootgeword waar soms Bataks gepraat is. Volgens die Leipoldt-biograaf J.C. Kannemeyer (1999: 74) was “Multatuli se *Max Havelaar* en sy *Minnebrieven* (...) aan sy ouers goed bekend en die verhaal van Saïdjah en Adinda kon hy oor en oor hoor”.

Dat dit nie gebly het by ’n ervaring van “mooi verhale”, iets waarteen Multatuli so gekant was nie, blyk onder meer uit Leipoldt se vermelding hoe hy as jongeling die Rooms-Katolieke priester en bekende natuurkundige Friedrich Carl Kolbe soms getreiter met vrae uit die *Ideën*. (Kannemeyer, 1999: 105)

Jare later sou hy die verhaal van Saïdjah en Adinda vertaal en verwerk vir ’n opname in

'n Afrikaanse skoolboek. (Kannemeyer, 1999: 531-532) Hy probeer hard om Multatuli te deel met sy Engelstalige intellektuele vriende. Onder die beste van die artikels wat hy volgens Kannemeyer tydens sy Londense verblyf in Britse blaaië publiseer, tel “Multatuli and the *Max Havelaar*” in die *Westminster Review* van Oktober 1903. Kannemeyer wys onder meer op Leipoldt se raak beskrywing van die roman se hibriediese struktuur, lank voordat enige Nederlandse kritikus sover gekom het: “It had no conventionality. It belonged to no particular set, for it was neither the word of a romanticist, nor by its aggressiveness and by the singular originality of its character and style.” Die Leipoldt-versameling by die Universiteit van Kaapstad bevat 'n handgeskrewe manuskrip van 80 bladsye waarin hy 'n eerste gedeelte van die *Minnebrieven* in Engels vertaal.

In die Leipoldt-oeuvre vind hierdie verbintenis op minstens drie maniere neerslag: as etiese element, as literêre tema en as literêre model.

Kon 'n Suid-Afrikaanse skrywer in die 20ste eeu Multatuli bewonder sonder om die protes teen die voortsetting van koloniale verdelings in die samelewing oor te neem? Toegegee, die spesifieke stelsel in Nederlands-Indië het nie in Suid-Afrika bestaan nie en 'n mens kan ook byvoeg dat Multatuli nie teen kolonialisme as sodanig gekant was nie, eerder teen die manier waarop dit toegepas is.⁸

Leipoldt se eerste proef as polemikus beantwoord al die vraag. Op 24 September 1896 (hy is dan 15!) publiseer hy 'n lang brief in *The Cape Times* onder die skuilnaam Forsythe W. Bancombe. Hy reageer op 'n berig in *Ons Land* waarin beweerd word die twee blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika moet saamwerk om “het swarte baas te raken”. Hy val veral die Nederlandssprekende deel van die bevolking aan oor die idee dat tussen mense onderskei kan word op grond van huidskleur en waarsku: “The nation who puts a restriction on freedom will ere long cease to be a nation. The man who has no love for his fellow creature – the man who, moreover, despises his comrade and contrives in the long struggle of life to hamper and handicap him as much as possible, who could give all he can to see his comrade rooted out and left to perish...that man has not the right to be called a man.” Hy loop 'n eeu vooruit op die geskiedenis as hy sy landgenote uitdaag met die woorde: “Let us be worthy of that honour, and let us show our worthiness by carrying out the principle of equal rights and equal freedom for black and white alike!” (Kannemeyer, 1999: 97-98)

Teen 1909 skryf hy in 'n private brief aan sy weldoener en mentor dr. Bolus met verwysing na die *Max Havelaar*: “Multatuli grows on me every time I read him”. (Kannemeyer, 1999: 263) In een van sy eerste prosawerke, die op liggaamlike en geestelike gesondheid gerigte *Praatjies met die Oumense* (1918), put hy telkens uit onder meer *Vorstenschool*. (Leipoldt, 1918: 5) In sy *Uit my Oosterse dagboek* (1932, gegrond op sy reis na Java in 1912) kom hy terug op die ook deur Mutatuli gekritiseerde “kultuurstelsel” (landboubeleid) waarvoor hy besluit dat dit “'n verkeerde, onetiese en deurgaans onregverdigde manier van ontginning van 'n land was”.⁹ Hy voeg dan by: “Ons het, in ons eie Transvaal, 'n Plakkerswet, wat in sekere mate net dieselfde gedwonge arbeid voorskryf aan inboorlinge as dié wat Van den Bosch met soveel ekonomiese

sukses en soveel etiese mislukking op die land onder sy heerskappy afgedwing het.” (1932:89-90) Louise Viljoen (1996:64) wys daarop dat Leipoldt se boek verskyn het teen die agtergrond van ’n verkiesingsoorwinning deur genl. Hertzog se Nasionale Party in 1929 waarin verset teen groter rassegelykheid ’n belangrike rol gespeel het en daarom val die volgende uitspraak in die boek eweneens op: “Een van die allergrootste vrae wat die Afrikaner homself moet afvra, is in hoever hy die sedelike reg het om in ’n land met ’n gemengde bevolking ’n afsonderlike politiek uit te voer waarin die inboorling nie regstreeks ’n aandeel of seggingskap het nie”.¹⁰ (1932:199) Viljoen wys uit hoe hy hom egter duidelik in sy formulering en selfs keuse van materiaal laat inperk deur sy veronderstelde konserwatiewe leserspubliek. Waar Multatuli dus met aggressie op die probleem afaan, plaas die latere Leipoldt ’n wag voor sy mond.¹¹

Op 16 Augustus 1946 (8 maande voor sy dood) spreek Leipoldt nogeens sy bewondering uit vir Multatuli, weer in etiese terme (Kannemeyer, 1999: 646):

There is perhaps in all modern literature no better or more eloquent exposition of democratic ideals as well as of the obligations of those who profess to subscribe to them, than the impassioned writings of Eduard Douwes Dekker. Throughout his life, in all his books, he pleaded for recognition of the fundamental truth that whatever wrong is done to the humblest and the weakest, that wrong is done to all and each of us and that the basest of men are those whose love of right is solely for themselves or their country and not for all their race.

Multatuli word ’n literêre tema in dieselfde gees in Leipoldt se gedig getitel “Aan Multatuli” wat deel vorm van die afdeling “Uit my Oosterse dagboek” in sy bundel *Uit Drie Wêrelddele* (1923):

Kind van die noorderwêreld, waar die kou
 Van winter weerga vinde in ’n volk
 Wat kalm bly as jy kokend is en flou
 En nie jou taal verstaan nie sonder tolk!
 Die warmer Ooste, waar die son ontstaan,
 Het jou tot man gemaak, en van jou hart
 Die ys-gekorste kettings afgeslaan,
 En jou geleer daar lê ook vreug in smart,
 En in ellende grootsheid. Ek, as een
 Met wie die Ooste ook gepraat het, gee
 Hier, waar Adindas spook by maanlig ween
 Oor Saïdjahs graf in eensaam-stille wee,
 My huldegroet aan jou as blyk daarvan,
 Apostel, hoëpriester, lyder, Man!

Die gedig is dus ’n huldeblyk aan Multatuli wat vir Leipoldt onafskeidbaar verbonde is aan Nederlands-Indië. Multatuli is vir hom iemand wat deur sy verbintenis met die

Ooste die kilheid van Noord-Europa ontgroeï het en ontwikkel het tot “man”. Met “man” word hier kennelik bedoel “egte of ware mens”. Wanneer “man” as slotwoord herhaal word, word dit met ’n hoofletter geskryf. By implikasie het Multatuli dus deur sy menslikheid ook goddelike status verwerf.

Die belangrikste geval waar Leipoldt ten opsigte van sy skeppende werk ’n skatpligtigheid aan Multatuli erken, is in verband met sy dramatiese monoloog “Oom Gert vertel” in sy debuutbundel *Oom Gert vertel en ander gedigte* (1911). Dit is ’n klassieke gedig in die Afrikaanse letterkunde en het trouens help bevestig dat die “keukentaaltje” wel draer kan wees van hoër gedagtegoed. In ’n brief aan Albert Verwey wat lank in Suid-Afrika onbekend was, meld Leipoldt dat Multatuli se “Golgotha” “als maat voor wat ik wou bereiken” gegeld het. “Golgotha” verwys na dieselfde “Kruissprook” uit die *Minnebrieven* waarvoor Langenhoven sou bots met *De Kerkbode*. Die verwantskap tussen die twee gedigte is elders in ’n aparte artikel bespreek. (Van Zyl, 1999) Daarom word hier nie verder daarop ingegaan nie. Hoewel “Oom Gert vertel” ’n onafhanklike meesterwerk genoem kan word, is daar inderdaad verskeie tegniese ooreenkomste. Bekyk ’n mens die interpretasieprobleem in “Oom Gert vertel” in die lig van die Multatuli-voorbeeld, raak ’n belangrike aksentverskuiwing moontlik ten opsigte van die veel gedebatteerde leesvoorstelle deur Leipoldt-kritici. Die Multatuli-tema dat daadloosheid teenoor onreg neerkom op immoraliteit blyk naamlik eweneens toepaslik op “Oom Gert vertel”.

Die gedig bied genoeg bewys daarvan dat Multatuli op ’n kritieke stadium in die geskiedenis van die Afrikaanse poësie ’n rigtinggewende funksie vervul het in die werk van wat een van sy belangrikste figure sou word.

Ander ooreenkomste met Multatuli is ook aan te wys. Net soos Langenhoven huiwer hy nie om toe te tree tot polemieë nie. Hy pak politici aan en ook die kerk – anders as Langenhoven doen hy dit as nie-Christen. As hy hom ’n keer vererig vir Kapenaars skryf hy in die Transvaalse *De Volksstem* (9.2.1924) oor hul “selftevreedenheid, die smoesige droogstoppelagtige ingenomenheid met hulself en met alles wat Kaaps is”! (Kannemeyer, 1999:470) Dit verras ’n mens daarom nie dat die twee Multatuliane ook by geleentheid bots. In 1925 verkry Afrikaans byvoorbeeld, mede deur Langenhoven se inspanning, amptelike status (nadat hy reeds eerder gehelp het om dit ’n onderwysmedium op skool te maak). In 1926 stel Leipoldt dat die taal te vroeg as onderwystaal ingevoer en Nederlands as voedingsbron onnodig vroeg daarvan afgesny is. ’n Snyderende verwysing na “teenswoordige taal-jingoes” is kennelik bedoel op Langenhoven! (Kannemeyer, 1999:474)

5. Multatuli-uitgawes

Dit is moeilik om na te spoor wanneer Multatuli die eerste keer die universitêre neerlandistiek in Suid-Afrika binnegedring of die skoolonderwys bereik het. J.C. Steyn (1998:55) vermeld dat die *Max Havelaar* in 1925 onder die voorgeskrewe boeke tel wat N.P. van Wyk Louw in sy tweede jaar aan die Universiteit van Kaapstad moes

lees. Vir 'n Suid-Afrikaanse uitgawe moes tot 1942 gewag word wanneer die invoer van Nederlandse boeke weens die Duitse besetting van Nederland en die Japanse besetting van Nederlands-Indië onmoontlik word. Dit val volgens die letterkundige G.D. Dekker saam met “die sterk aangetrokkenheid tot die Nederlandse literatuur wat hom die afgelope jare in ons land openbaar”. Hy voeg by: “Ons jongste digkuns het hierin 'n groot rol gespeel”. (Dekker, 1942: 175) Hy verwys hiermee na die belangrike vernuwung in die Afrikaanse digkuns deur die sogenaamde Dertigers. Die Pretoriase uitgewery J.van Schaik bring binne 'n kort tyd nie minder nie as twee reekse Nederlandse boeke op die mark. Die agtste deel van die reeks, getitel “Van stamverwante bodem”, is 'n *Bloemlesing uit die werke van E.Douwes-Dekker (Multatuli)*. (1942)

Vir die Suid-Afrikaanse neerlandistiek van 1942 tel Multatuli dus steeds onder die Nederlandse klassieke waarmee studente benader kan word. Die boek van 282 bladsye word ingelei deur die Pretoriase literator Tj. Buning. Daarin word die skrywer se lewe en werk bespreek. Dan volg dele uit die *Max Havelaar*, die tweede bedryf van *Vorstenschool*, enkele dele uit die *Ideeën*, terwyl die meeste ruimte afgestaan word aan *Woutertje Pieterse*. In 'n resensie spreek T.J. Heyns (1943: 26-27) tereg sy spyt daarvoor uit dat die *Minnebrieven* heeltemal nie figureer nie. Hy wys ook op die uiters beperkte keuse uit die *Ideeën*.

Buning stel Douwes Dekker bekend as “een van die grootste Nederlandse prosaskrywers” en “'n man wat 'n ontsaglike invloed op sy volk sou uitoefen”. (1942:7) Hoewel hy waarsku teen onnodige aandag aan 'n skrywerspersoon, gee hy tog 'n kort beskrywing van “Multatuli as mens”. Hy besluit uiteindelik “Om 'n billike oordeel oor die mens Multatuli te vel, is bykans onmoontlik”. (23) Onder die teenstrydighede in sy karakter wat hiertoe bydra, tel die volgende: “Nie in staat om sy eenvoudige kasboek as amptenaar in orde te hou nie, wou hy die hele maatskaplike balansstaat van reg en orde optrek”. As skrywer wys hy Multatuli aan as “saam met Bilderdyk, die enigste *volledige* verteenwoordiger van die Romantiek in Nederland”. (24) Buning toon wel sy afkeer van “onsmaaklikhede” in Dekker se liefdeslewe, maar behandel andersins sy werk met professionele neutraliteit. Hy sorg vir skaars verskuilde waarskuwings aan moontlike konserwatiewe lesers. Vgl. die volgende: “Sy growwe spot en hoon met die ortodoks-godsdienstige (...) gee dikwels blyk van 'n gebrek aan goeie smaak”. (26) En oor die skrywer se geneigdheid tot skerp kontraste sê hy: “Dit maak Multatuli se werk soms skadelik en selfs gevaarlike lektuur vir onoordeelkundige en onontwikkelde lesers”. (26) Ook die seleksie dui daarop dat Buning hom ingedek het teen die soort reaksie waarmee Langenhoven indertyd met “Kruissprook” te make gekry het.

In ieder geval is Multatuli in die jare veertig nog belangrik genoeg vir die Suid-Afrikaanse neerlandistiek om as klassieke skrywer op universiteite te figureer. In hoeverre die bloemlesing intelligente lesers gelok het om ook die verskillende uitgawes van sy versamelde werke, indertyd ruim beskikbaar in universiteits- en openbare biblioteke, te gaan lees, is moeilik agterhaalbaar. Die belangstelling in Multatuli in die jare veertig blyk ook uit T.J.Heyns se genoemde proefskrif oor *Langenhoven en*

Multatuli (1944), 'n werk waaruit 'n deeglike kennis van sowel die versamelde werke as die sekondêre literatuur blyk. Buning se bloemlesing is trouens nie die enigste vorm waarin Multatuli op hierdie stadium Suid-Afrikaanse lesers bereik nie. In 1942 verskyn S.J. du Toit ('n inspekteur van onderwys) se bloemlesing *Land en zee, Nederlandse verhale vir Afrikaanse skole*. Dit bevat twee Multatuli-verhale: “Saidjah en Adinda” en “Het sprookje der Inca's”. Scholtz en Lategan neem “De Japanse steenhouwer” op in hul *'n Bloemlesing van Nederlandse Verhale* wat in 1954 verskyn en minstens 6 drukke beleef. P.C. Schoonees neem eweneens “De Japanse steenhouwer” op in sy *Uit de Nederlandse Verhaalkunst* wat in 1954 verskyn en in 1972 'n tweede druk beleef.

Aldrie bogenoemde bloemlesings is deur duisende skoolleerlinge en studente gebruik en dit staan dus vas dat die naam Multatuli tot in die jare sewentig nog taamlik bekend was in Suid-Afrika. Dit val op dat Schoonees in 1954 Multatuli se verhaal insluit by sy uitspraak oor sy bloemlesing, naamlik dat “boekagtige en ouderwetsdeftige taal (...) daarin nie voor(-kom) nie”. Desondanks maak juis die taal en styl die skrywer se werk waarskynlik tans moeilik verteerbaar vir Suid-Afrikaanse studente.

Die vernuwing van die jare Dertig in die Afrikaanse letterkunde (veral poësie) skep dus 'n groter vraag na die Nederlandse klassieke en stimuleer groter en kleiner teksuitgawes uit Multatuli se oeuvre. Die volgende groot vernuwing, dié van die jare Sestig, val daarteenoor saam met die geleidelike verdwyning van sy werk uit die Suid-Afrikaanse bewussyn. Onder meer kan dit daaraan toegeskryf word dat dit nou gaan om 'n vernuwing in die Afrikaanse prosa waarteenoor 19de eeuse Nederlands heel ouderwets ervaar word. Multatuli moet bowendien nou meeding met na-oorlogse Nederlandse skrywers wat in dieselfde gees skryf as hul Suid-Afrikaanse tydgenote. Onder hulle tel van sy eie literêre erfgename, soos Willem Frederik Hermans van wie verskeie boeke uiteindelik in Suid-Afrika uitgegee sou word. 'n Poging om in die jare tagtig tog nog die *Max Havelaar* in dieselfde reeks (*Academica*) as onder meer Hermans se werk uit te gee, slaag nie omdat neerlandici 'n gebrek aan belangstelling toon.

In sy studie *Aspekte van die nuwe prosa* wys André P. Brink, die belangrikste poëtikale begeleier van die Suid-Afrikaanse Sestigters, wel die *Max Havelaar* aan as een van die voorlopers van “die nuwe roman”. (Brink, 1967: 32-33) Dit is daarom nie verbasend nie dat in twee van die vernaamste latere anti-apartheidsromans (Brink se *'n Droë wit seisoen*, 1979, en John Miles se *Kroniek uit die doofpot*, 1991) daar sprake is van dokumente wat lyk op “de pak van Sjaalman” in die *Max Havelaar*.

In 1997 keer die naam Multatuli weer terug op die Suid-Afrikaanse literêre toneel met die verskyning van die gewese Sestiger, Elsa Joubert, se *Gordel van smarag, 'n reis met Leipoldt*. Joubert is trouens die Suid-Afrikaanse skrywer met die sterkste aanspraak daarop dat 'n roman van haar die politieke omwenteling van 1994 help moontlik maak het. Haar *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) ruk naamlik alle sluiers af tussen die blanke publiek en die lydende swart individu. Dit wel sonder die direktheid en heftigheid van die *Max Havelaar*.

Hoewel die titel *Gordel van smarag* reeds die naam Multatuli oproep, kyk Joubert oor

Leipoldt se skouer na sy werk. Dit is 'n reisboek, haar sewende en myns insiens nie haar beste nie. Dit word egter positief ontvang.

Dit gaan om 'n georganiseerde reis wat nie presies Leipoldt se roete volg nie. In die boek word sowel sy *Uit my Oosterse dagboek* as sy ongepubliseerde Engelse manuskrip en dagboeke daarvoor egter bygehou. Hierin vind sy versterking vir die besef dat Leipoldt “gedrenk was in Dekker se werk”. (11) In die loop van die reisverslag gee sy daarom 'n samevatting van die *Max Havelaar* en kom sy ook apart terug op die Saïdjah en Adinda-geskiedenis. Beide Multatuli en Leipoldt is vir haar “kampvegters vir die lydendes”. (75)

Dit bring haar by 'n kernvraag: “Miskien was Leipoldt nie genóég deurdrenk van Multatuli nie! Kon Leipoldt óns Multatuli gewees het? Daar in die jare twintig, dertig...” (36) “Miskien, 'n baie groot miskien, sou iets van die onheile van apartheid en die verskriklikhede van die Rasseregistrasiewet, die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike ons gespaar gebly het”. (1997:85)

Hiermee bring Elsa Joubert dus nie alleen opnuut Multatuli onder die aandag van die Suid-Afrikaanse leser nie. Sy formuleer aan die hand van Leipoldt 'n post-apartheid versugting waarmee hierdie artikel beëindig kan word: Al het die Afrikaanse Letterkunde wel deeglik kennis geneem van Multatuli, al was sy werk en idees rigtinggewend in bepaalde opsigte, is hy tot skade van iedereen nie deur sy invloedryke volgelinge toegelaat om sy volle bydrae te maak nie.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bibliografie

- Brink, André P.** 1967 *Aspekte van die Nuwe Prosa*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Brink, André P.** 1979 *'n Droë wit seisoen*. Emmerentia: Taurus.
- Buning, Tj.** 1942 *Bloemlesing uit die werke van E. Douwe-Dekker (Multatuli)*. Pretoria: J. L. Van Schaik Bpk.
- Burgers, T.H.** 1993 *Tonele uit ons dorp*. Kaapstad: Africana Uitgewers.
- Dekker, G.** 1942 Nederlands, In: *Ons Eie Boek*, Desember.
- De Vries, A.H.** 1989 *Kortom*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Du Toit, S. J.** 1942 *Land en zee, Nederlandse verhale vir Afrikaanse Skole*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Engelbrecht S. P.** 1933 *Thomas Francois Burgers*. Pretoria/Kaapstad: J.H. de Bussy/H.A.U.M. v/h Jacques Dusseau & Co..
- Francken, E.** 1992 *Antipode 1*.
- Francken, E.** 1999 Multatuli in Zuid-Afrika. *Over Multatuli 42*.
- Hanekom, T. N.** 1951 *Die Liberale rigting in Suid-Afrika, eerste deel*. Stellenbosch: Christen-Studentevereniging-Maatskappy.
- Heyns, T. J.** 1943 Nederlands. In: *Ons Eie Boek*, Maart.

- Heyns, T.J.** 1944 *Langenhoven en Multatuli*. Ongepubliseerd proefkrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Joubert, E.** 1978 *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, E.** 1997 *Gordel van smarag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J. C.** 1995 *Langenhoven, 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C.** 1999 *Leipoldt, 'n Lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Langenhoven, C. J.** 1973 *Versamelde werke*. Agste uitgawe. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.
- Leipoldt, C.L.** 1918 *Praatjies met die oumense*. Pretoria: Suid Afrikaanse Boekwinkel.
- Leipoldt, C. L.** 1932 *Uit my Oosterse Dagboek*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.
- Leipoldt, C.L.** 1948 *Uit drie wêrelddele*. agste hersiene druk. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.
- Lijphart-Bezuidenhout, T.** 1972 Onderveldse dorpsstonele waar niemand van weet of praat, In: *Standpunte XXV*, nr.4 april.
- Miles, J.** 1991 *Kroniek uit die doofpot*. Kaapstad/Johannesburg: Human & Rousseau.
- Multatuli.** 1906 *Versamelde Werken naar tydsorde gerangschikte uitgave bezorgd door zyne weduwe*. Amsterdam: Uitgevers-maatschappij Elsevier.
- Multatuli.** sj. *Max Havelaar, naar het authentieke handschrift uitgegeven en ingeleid door dr. G. Stuiveling*. Amsterdam: G.A. van Oorschot.
- Oversteegen, J.J.** 1993 13 Oktober 1859 In: M.A. Schenkeveld-Van der Dussen e.a. (red.) *Nederlandse Literatuur, een geschiedenis*. Groningen: Martinus Nijhoff.
- Praamstra, O.** 2005 *Dorp in het onderveld, Zuid-Afrikaanse verhalen*. Amsterdam: Athenaeum/Polak & Van Genneep.
- Richie, W.** 1918 *The history of the South African College 1829-1918, vol I*. Cape Town: T. Maskew Miller.
- Romein, Jan en Annie** 1971 *Erflaters van onze beschaving*. Elfde druk. Amsterdam: E.M. Querido's Uitgeverij.
- Rompel, F.** 1951 Langenhoven en Multatuli (eerste publikasie *Die Burger* 17 April 1937), In: Nienaber, P.J. (red.) *Langenhoven Die Volksskrywer*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Scholtz, H. van der Merwe en Lategan, F. W.** 1954 *'n Bloemlesing van Nederlandse verhale*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Schoonees, P.C.** 1954 *Uit de Nederlandse verhaalkunst*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Viljoen, L.** 1996 Leipoldt en die Ooste: Leipoldt se reisbeskrywing *Uit my Oosterse dagboek* en die diskoers van die Oriëntalisme. In: *Stilet*, September.
- Van Rinsum, H. J.** 2006 *Sol Iustitiae en de Kaap*. Hilversum: Uitgeverij Verloren.
- Van Zyl, W.** 1999 Leipoldt, 'Oom Gert vertel' en Multatuli. In: *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, Junie.

Note

1. 'n Deel van hierdie inhoud is gebruik vir die Vierde Langenhoven Gedenklezing in 2005. Belangrike dele van hierdie artikel kom ook ooreen met Van Zyl 2007. Hier word graag erkenning gegee aan die Kaapse Forum vir Neerlandistiek wat die tydwowende navorsing in onder meer 19de eeuse Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte help befonds het.
2. Hahn se lesing vind plaas 'n dag nadat die Kaapse parlement gestem het om "Hollandsch" naas Engels in debatte toe te laat en daarmee dus 'n belangrike wending in die amptelike posisie van Nederlands gegee het. In dieselfde lesing het Hahn ook Kaaps Hollandsch (Afrikaans) afgemaak as "Hottentots in Hollandsch gewaad"!
3. Die "South African College" wat uiteindelik die Universiteit van Kaapstad sou word. Van der Tuuk word in 1881 professor in "Modern Languages" waaronder Nederlands. In 1894 bedank hy, na "a good deal of trouble and friction for a long time". (Richie, 1918: 333)
4. Burgers sluit ook enkele revolusionêre antikolonialistiese en simpatieke uitsprake in oor gekleurdes. Hulle is volgens sy verteller "vreemdelingen in eigen land" en wat blankes 'dikwyls met regt' sien as "gehaten mensen, veroveraars van haar land".
5. Olf Praamstra (2005) het gesorg vir 'n resente bloemlesing uit Burgers se "Tooneelen" en W. van Zyl (2007) vir 'n Afrikaanse vertaling van die volledige "Tooneelen".
6. Daar word vervolgens met die afkorting VW verwys na Versamelde Werke.
7. Uitgegee deur Elsevier in 1907 en in Kaapstad aangekoop.
8. Francken (1992) gee 'n grondige uiteensetting van Multatuli se standpunte oor kolonialisme en wys aan dat dit inderdaad nie neerkom op 'n verwerping daarvan as sodanig nie.
9. Francken (1993) bespreek Multatuli se kritiek (o.m. vervat in die *Max Havelaar*) in die verband en wys daarop dat die skrywer hierdie stelsel van owerheidsbeheer egter verkies het bokant die idee van "vrije arbeid" wat teen 1860 in die mode begin kom het.
10. Leipoldt was self in 1924 kandidaat vir die Suid-Afrikaanse Party wat dan die verkiesing teen die party van Hertzog verloor. Hoe staan Langenhoven teenoor die kwessie van rasseregverdigheid? Hy is immers 'n belangrike lid van Hertzog se party. In 1927 (1942, XI: 408) waarsku hy teen die rondskop van die kwessie "soos 'n voetbal" "oor die vloer van die wetgewende raadsaal" en wys op die noodsaak om regverdig te bly: "Ons is hulle voogde; te meer moet ons waak teen onreg en onderdrukking van ons kant af".
11. Francken (1999: 48) wys eweneens aspekte van Multatuli aan wat Leipoldt in sy manuskrip oorneem, maar in sy boek weglaat, bv. bepaalde kritiek op die christendom.